Ons praat hierdie week oor GEBED. Gebed is deel van ons almal se geestelike ritme, maar ons besef nie aldag hoe belangrik dit is nie. Mag jy hierdie week besef dat jou gebedslewe ‘n hupstoot nodig het en dat jy weer met nuwe erns jou gebedslewe sal aanpak.

**Lees 1 Timoteus 2:1-4**

Wat staan vir jou uit in hierdie gedeelte?

# 1 TIMOTEUS 2:1-4

'Ek dring daarop aan dat daar *in die eerste plek* met **smeking, voorbidding en danksegging** gebid moet word vir alle mense, *vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen*, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid. So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.


Dis ‘n OPDRAG

Gebed is ten eerste ‘n opdrag.  Dis die eerste ding wat kenmerkend is van ‘n geloofsgemeenskap, nog voordat goeie werke, verskillende rolle en die vrug van die gees genoem kan word.

Gebed behoort nie jou laaste uitweg te wees nie – maar jou eerste!

God wil jou gebede hoor en in met jou in gesprek tree.

Gebed is die hoeksteen en fondasie van ‘n aktiewe geloof en geloofsgroei.


Dis ‘n OPDRAG
Vir ALLE mense

Gebed is nie noodwendig net vir onsself nie – dis ‘n geestelike wapen wat gelykheid bring – vir alle mense – veral ook vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen…

*Waaruit bestaan jou gebede gewoonlik?*
*Hoe gereeld bid jy vir mense wat "bo" jou is?*

In die Bybelse tyd was konings en keisers nie gewilde persone nie. Hulle was diegene wat geld vereis het, straf uitgedeel het en verdrukking gesaai het. Dis juis vir die mense waarvan ons nie altyd hou nie, wat ons minag en ons lewe vir ons moeilik maak vir wie ons moet bid!

*Aan wie kan jy dink wat die lewe vir jou moeilik maak vir wie jy kan bid?*

# PSALM 61

'Vir die musiekleier. Met snarespel. Van Dawid. Hoor my klaagroep, o God, luister aandagtig na my gebed. Van die einde van die aarde roep ek na U, wanneer my moed my begewe. **Lei my na 'n rots wat vir my te hoog is**; want U is vir my 'n skuilplek, 'n **versterkte toring** teen die vyand. Ek wil vir altyd in u tent vertoef, ek wil skuil onder die beskutting van u vlerke.

# PSALM 61

U is immers die Een wat luister na my geloftes, o God; U gee 'n erfdeel aan hulle wat vir u Naam ontsag het. **Vermeerder tog die dae van die koning se lewe**, mag sy lewensjare geslagte lank duur, mag hy altyd voor God regeer. Voorsien toewyding en waarheid, laat dit oor hom wag hou! Só wil ek u Naam vir altyd besing, om my geloftes dag ná dag te betaal.'

In Psalm 61 bid Dawid tot God vanuit ‘n laagte.  Hy weet dat hy onderworpe is aan ‘n hoër gesag – God self, maar ook die koning wat oor hom regeer en in ‘n gesagsposisie aangestel is.

Gebed is ‘n gelykmaker – dit hou ons nederig, maar is terselftertyd so kragtig omdat dit God se Naam omhoog hou en so ook die vir wie ons bid.

Wat beteken vers 3 vir jou – “*Lei my na ‘n rots wat vir my te hoog is*.”?

Jou gebede is dalk al vir lank net vir dinge wat binne jou beheer is en waarvoor jy kans sien of mee gemaklik is… Maar God roep ons verder, dieper, hoër…


BID OP...

Wanneer jou gebedslewe kragteloos en nutteloos voel, moenie OPHOU bid nie… BID OP!

*Wat beteken dit vir jou om OP te bid/ Pray UP?*

- Gebed is ‘n gesprek met GOD – ons loof en prys ons hoër gesag
- Bid meer gereeld en meer intensioneel as wat jy tans bid
- Bid vir mense waarvan jy nie hou nie, wat bo jou is, houvas op jou lewe het, gesag oor jou uitoefen

Wanneer ons gebede opgaan, kom God se heerlikheid af – iets gebeur in die geestelike realm, al kan ons dit nie aldag sien nie.  Moenie ophou BID nie!



Kyk na hierdie kunswerk uit die Rooms Katolieke Kerk.  Daar is ‘n aantal stappe/ trappe tot geestelike groei waarna hulle verwys.  Ons probeer op soveel maniere die sosiale leer klim en wil graag “BO” wees... Maar hoë bome vang die meeste wind.  Ook in ons geestelike lewe probeer ons die leer klim om beter en hoër te wees.

*Wat dink jy is nodig om ons die geestelike leer te laat klim en geestelik nader aan God te groei?*

Gebed.


En dis nie noodwendig die mense op straat en onder ons wat gebed nodig het nie.  Ons moet juis ook meer bid soos ons hoër op die leer is – want die aanvalle is meer en hoogmoed wil ons laat val.  *Wat beteken dit vir jou nou waar jy tans in jou lewe is?*

Daar is ‘n kinderstorie “Bring me a rock” van ‘n sprinkaankoning wat die goggas gevra het om vir hom groot klippe te bring vir sy kliptoring en sodat hy van bo af kan regeer.  Almal het hul grootste klippe gebring, selfs die kleinste gogga.

Die klein gogga se klein klip was natuurlik nie goed genoeg vir die koning nie en hy het dit van die hand gewys.





What he needs...


is a pebble.

Toe die koning al die klippe op mekaar stapel en bo-op wou gaan sit, het die toring natuurlik inmekaar getuimel.  Wat hy nodig gehad het was die klein klippie van die klein gogga om dit te stabiliseer.

In ruil vir sy hulp, het die koning gesê hy kan enige iets kry wat sy hart begeer.  Die klein gogga vra toe vir al die groot klippe en daarmee bou hy toe kleiner torings vir almal om gelyk te wees.

Jou gebede, klein en nietig, maak ‘n verskil!
Dit bring wat bo is, weer af aarde toe
Dit bring gelykheid, rustigheid, vrede en toegewydheid tot God
Dit dra mense wat as gevolg van hul posisies aangeval en versoek word.



*Vir wie gaan jy hierdie week spesifiek bid?*

*Watter klippie is daar in jou skoen dit vir jou moelik maak om geestelik te groei en nader aan God te beweeg? Wil jy nie maar daardie klippie vir die Here gee nie?*

*Watter groot ding/ situasie moet jy na die Here toe vat in gebed?*

*Hoe kan ons God se gesag meer erken?  En die gesag van ander in ons lewe meer verdra/ aanvaar?*

PRYS DIE HEER VIR SY GROOTHEID – DIE NAAM BO ALLE NAME – DIE ROTS, ONS STERK TORING – LANK LEWE ONS KONING!

AMEN!



# GEBED

## FILIPPENSE 4:6

